# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**FEBRUARIE / MAART**

**2006**

**AFRIKAANS ADDISIONELE/TWEEDE TAAL**

**HG**

**Tweede Vraestel : Letterkunde**

**102-1/2**

22 bladsye

AFRIKAANS ADDISIONELE/TWEEDE TAAL HG: Vraestel 2

102 1 2 HG

X05

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISONELE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord enige TWEE afdelings.

**AFDELING A**
***KRINGE IN 'N BOS*** **– Dalene Matthee**

**BLADSY**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
**Vraag 1** **3**

**AFDELING B**
**POËSIE**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
**VRAAG 2 Melkkantien** **9**
**VRAAG 3 Eksamen** en **Sprokie vir 'n stadskind** **11**
**VRAAG 4 Die Dans van die Reën** **13**

**AFDELING C**
***KINDERS VAN DIE AARDE*** **– Charles Fryer**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
**VRAAG 5 Algemene vraag** **14**
**VRAAG 6 Die ooreenkoms, My broer se kraai** én **'n Man kom tuis** **19**

**AFDELING D**
***GOOI HOM IN DIE SLOOT*** **– Roelf van Rensburg**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
**VRAAG 7** **19**

---

# AFDELING A

## ROMAN: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

## VRAAG 1

- Beantwoord AL die vrae.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

**VRAE:**

- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

1.1 Sekere karakters pas by gebeure in die verhaal, *Kringe in 'n Bos*. Pas die beskrywing in **KOLOM B** by die gebeure in **KOLOM A**.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Na die dood van Maria Barnard en haar dogter Sara | A. | Saul besef dat MacDonald hulle vas het toe hy hulle kalanderhout as vuurmaakhout beskou het |
| 1.1.2 | Toe Saul hoor van die dood van Arend Botha was dit die laaste strooi | B. | Die oopte het Saul kaal, soos een sonder hoed, laat voel |
| 1.1.3 | Saul sweer op die Bybel | C. | Sanna het by die Barnards kom woon |
| 1.1.4 | Hy dra die glaskas met opgestopte dooie voëls van mev. Stopforth | D. | Saul verlaat MacDonald se diens |
| 1.1.5 | Saul besoek op veertienjarige ouderdom die dorp vir die eerste keer | E. | Saul huil vir die laaste keer |
| 1.1.6 | Hy loop nie meer 'n pad wat nêrens uitkom nie | F. | Jozef besluit om vir Oupoot te laat skiet |
| 1.1.7 | Die houtkappers mergel die Bos uit en die houtkopers mergel die houtkappers uit | G. | Hans Oukas kry 'n sjieling vir al sy harde werk |
| 1.1.8 | Na die dood van Jozef se seun, klein Joram Barnard | H. | Saul besluit om vir MacDonald te gaan werk |
| 1.1.9 | Joram het Maska die eerste winter gestuur om te kyk waar Saul se skerm is en hoe dit met hom gaan | I. | Saul sien die see vir die eerste keer |
| 1.1.10 | "Eendag sal hy op 'n skip klim en daar waar die Knysna deur die gat skuim, sal hy deurvaar die oop see in en vry wees soos 'n voël" | J. | Vier jaar waarin Saul geleer het dat die lewe 'n skewe sirkel is |

(10)
**[10]**

**EN**

**KARAKTERS WAT SAUL SE LEWE BEÏNVLOED HET**

1.2 Drie van die antwoorde is KORREK. Watter antwoord is NIE korrek NIE? Skryf elke keer slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

1.2.1 **DIE HOUTKAPPERS**:

A. Die meeste van hulle is ongeletterd.
B. Hulle werk sewe dae per week.
C. Hulle deel wat hulle het.
D. Hulle is baie hardkoppige mense. (1)

1.2.2 **DIE GEWEER**:

A. Dit het vroeër aan Prins Alfred behoort.
B. Joram-hulle het later olifante daarmee geskiet.
C. Jozef het dit jare later verkoop.
D. Dit was 'n erfstuk. (1)

1.2.3 **ALEXANDER MACDONALD**:

A. Hy het vroeër in Kaapstad gewoon.
B. Hy was net so regverdig teenoor die houtkappers as Mister Page.
C. Hy het 'n skelm voorman, Jones.
D. Hy lieg nie net vir die houtkappers nie, maar ook vir sy kinders. (1)

1.2.4 **JORAM BARNARD**:

A. Na sy dood besef Saul dat hy tog omgegee het.
B. Saul staan tussen hom en Maria se graf.
C. Hy bied aan om Saul terug te neem in sy houtkapperspan.
D. Hy besluit om saam met Saul te gaan goud uitwas. (1)

1.2.5 **PATTERSON**:

A. Saul moes sê dat hy olifante kom bestudeer.
B. Hy leer Saul alles wat hy wou weet van goud.
C. Dis duidelik dat hy alles van goud weet.
D. Hy ly aan engtevrees. (1)

1.2.6 **DIE PAN**:

A. Volgens Patterson werk 'n sluistrog beter as 'n pan.
B. Saul word beskuldig dat hy dit gesteel het.
C. Saul gebruik dit om sy kos in te kook.
D. Saul leer baie gou om dit reg te gebruik. (1)

1.2.7 **KATE**:

A. Sy het vir Saul soos 'n engel gelyk toe hy haar die eerste keer gesien het.
B. Sy het Saul geleer om Engels te lees.
C. Sy het jare later vir die delwerkinders kom skoolhou.
D. Sy het nooit verlief geraak op Saul nie. (1)

1.2.8 **SAUL BARNARD**:

A. Hy het die moed gehad om weg te breek.
B. Hy het een van die rykste manne in Knysna geword.
C. Hy het nooit weer aan sy pa en broers gedink nie.
D. Daar was altyd 'n spesiale band tussen hom en Oupoot. (1)

1.2.9 **GOUD**:

A. Die beste plek om dit te verkoop is by die bank.
B. MacDonald wou hê dat al die houtkappers moes goud delf.
C. Jy kon dit verkoop vir drie pond en vyf sjielings.
D. Meneer Hooper het die eerste klont goud in die Bos opgetel. (1)

1.2.10 **OUPOOT**:

A. Sy dood lei tot versoening.
B. Sonder hom is die olifante hulpeloos.
C. Hy het Saul se skerm besoek toe hy siek was.
D. Hy het die patatskille geëet toe hulle die kalander gekap het. (1)

1.2.11 **OOM ABRAHAM STEYN**:

A. Hy en sy vrou deel 'n bril.
B. Hy wil Saul nie toelaat om te leer om meubels te maak nie.
C. Hy dink Saul leer vinnig en goed.
D. Hy sê Saul se hande ken hout. (1)

1.2.12 **MASKA**:

A. Hy beskou Saul as Oupoot se mens-broer.
B. Hy is Saul se hartbroer.
C. Hy het die geweer gekry toe Prins Alfred 'n olifant kom skiet het.
D. Hy het groot bewondering vir Joram Barnard gehad. (1)

1.2.13 **OU SANNA**:

A. Sy het altyd mense gehelp.
B. Sy het in die Barnardshuis op Groot Eiland gebly.
C. Sy het Knysnadorp gereeld besoek.
D. Sy het nie dieselfde trots as die ander Bosmense gehad nie. (1)

1.2.14 **AREND BOTHA**:

A. Hy is Saul aanvanklik nie goedgesind nie.
B. Hy kon 'n olifant perfek op sy mondfluitjie naboots.
C. Hy sterf nadat hy Saul probeer help het.
D. Sy dood lei daartoe dat Saul, MacDonald se diens verlaat. (1)

1.2.15 **CROMPTON**:

A. Hy het Saul se beste vriend geword.
B. Crompton erken dat die goud vir hulle geld in hulle sakke besorg het, asook in die bank.
C. Saul het daardie winter dikwels vir Crompton en Morris 'n guns bewys deur vir hulle by Walker en Berg te gaan besigheid haal.
D. Crompton het nog 'n hotel saam met Alfred Conway gekoop. (1)

**[15]**

1.3

| Hy moes twee keer dorp toe om kos te koop en nog ferweel. By Gouna het hy vir 'n pennie 'n beeshoring gekoop. Hy was onrustig oor die ander delwers in die Bos. |
|---|

1.3.1 Wat doen Saul hier in Meulbos? (1)

1.3.2 Wie het vir Saul geleer om 'n sluistrog te maak? (1)

1.4 "'n beeshoring by 'n man gekoop"
Wat wou Saul hiermee maak? (1)

1.5 By wie het hy hierdie taktiek geleer? (1)

1.6 Waarvoor was oom Martiens Botha ook bekend? (1)

**[5]**

**[30]**

**EN**

| Die feit dat hy op pad is om Oupoot, die koning-olifant van die Bos, te skiet, voel onwerklik en terselfdertyd die mees onvermydelike daad van sy lewe. |
|---|

**SAUL NEEM SEKERE BESLUITE**

1.7 Voltooi die paragraaf. Skryf net die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.

Na byna ses jaar wat hy 1.7.1 ______ in die rivier gewas het, gaan bly hy op die dorp in 1.7.2 ______ se huisie. MacDonald weier om hout van 'n Barnard-wa te koop en hy dwing feitlik vir Saul om Knysna te verlaat. Hy is op pad Kaap toe, maar hy het nie verder as 1.7.3 ______ gekom nie.

Na twee jaar saam met die Steyn-familie besef Saul dat Knysna die plek vir hom is waar hy graag met hout wil werk om 1.7.4 ______ te maak.

Weer eens het MacDonald sy invloed gebruik en Saul kon nie 'n 1.7.5 ______ te koop kry nie.

Op die Pictor waarmee Saul sou wegvaar, het Maska vir hom die nuus van 1.7.6 ______ se dood gebring. Hy besluit om self vir Oupoot die genadeskoot te gee, want hy wil nie hê dat Oupoot voor 1.7.7 ______ se geweer moet kniel nie. 1.7.8 ______ dae herleef hy weer al die gebeure van sy verlede en veg hy om sekere slegte herinneringe te vergeet. Uiteindelik, nadat Oupoot geskiet is, het Kate gesorg dat hy kon bly deur 1.7.9 ______ se hoekerf te koop.

Hy staan anderkant die wa met 'n blydskap in hom … .

Wie is die "hy" (persoon se naam) 1.7.10 ______ wat ook gesorg het dat Saul kon sê: "Daarby sal elke bliksem binne en buite die Bos weet Saul Barnard is vir goed terug." **[10]**

**VRAAG 1.1 – 1.7.10 = 40÷2=[20]**

**EN**

**KATE EN SAUL**

| … is Kate ysterkettings om sy enkels wat die hele tyd met hom saamloop deur die Bos. |
|---|

1.8 Hoe oud was Saul toe hy Kate die eerste keer gesien het? (1)

1.9 Kies die korrekte antwoord.
Sy het hom aangestaar asof hy (paté ties / wonderbaarlik) ______ was. (1)

1.10 Haar maats het haar geroep en gesê: "They're 1.10.1 ______, these 1.10.2 ______children." (2)

1.11 Nadat sy pa hom weggejaag het, het hy vir ______ op Knysna gaan werk. (1)

1.12 Saul sou die 1.12.1 ______ (tydperk) wat hy vir die houtkoper gewerk het, vir niks wou verruil nie, want 1.12.2 ______ het hom gereeld kom besoek. (2)

1.13 Kate is later ______ toe gestuur om daar te gaan skoolgaan. (1)

1.14 Nadat ______ geskiet is, het Maska vir hom gesê dat Kate vir hom bo teen die helling wag. Daar het sy hom vertel van die erf wat sy gekoop het en dat alles sonder genade staan as hy weggaan, sy ook. (1)

1.15 Saul sê dat hy nie weet wat om te sê nie, net dat hy 'n halwe ______ sonder haar sal wees. (1)
**[10]**

**EN**

"Jy is Kate MacDonald."

1.16 Watter woorde hinder Saul nog al die jare waarmee Kate hom wou seermaak? (1)

1.17 Hoe sê bosmense as hulle iemand wil vergewe (pardon) oor iets wat hulle gesê het? (1)

1.18 Saul besef met 'n skok dat daar iewers tussen hom en Kate 'n rafel heel gebly het: die onvermoë om vir mekaar te ______. (1)

1.19 Behalwe die seermaak in Vraag 1.16 vra Kate vir Saul om nog iets dood te vee. Wat was dit? (1)

1.20 Wat wou sy net een keer deur Saul se oë sien? (1)

1.21 Voltooi die sin. Gee net die NOMMER en die ANTWOORD. Saul omhels vir Kate en hy het net een groot begeerte gehad. "As hy kon kies op watter oomblik die lewe moes 1.21.1 ______ en 1.21.2 ______ word, sou hy daardie oomblik gekies het." (2)

1.22 Kate bly by Saul vir twee dae. Hy neem haar na sy skerm toe. Watter bekende boek sien sy op sy boekrak? (1)

1.23 Watter groot rol het hierdie boek in Saul se lewe gespeel, toe hy destyds vir haar pa gewerk het? (1)

1.24 Watter spesiale ornament was teen die muur? 'n Herinnering wat MacDonald gesê het, Saul gesteel het. (1)
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING B
## POËSIE

- Beantwoord AL die vrae in Afdeling B.
- Beantwoord elke GEDIG op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 2
### Melkkantien – E. Eybers

**Melkkantien**

Wat soek sy hier waar alles glim, die vrou,
verweer en afgewater, kneukels rooi
soos die tamatiesap waarom hul klou?
Tussen die kelnerinne, opgetooi,
met jong gesigte, almal leeg en hard,
wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
in haar verrimpelde gelaat die smart
van anders en alleen wees saamgeskroef?

Vir soveel powerheid is daar geen troos:
ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
na 'n apteker, dalk kan sy my help?
Sy stoot die vaal haartoutjies terug, oorstelp
van vriendelikheid, beduie tandeloos:
Jy meen 'n kemmis? Ja, net om die hoek.

**E. Eybers**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

2.1 Watter kleur is die drankie wat die klant bestel? Gee EEN WOORD. (1)

2.2 Watter ENKELE WOORD in die gedig beteken mooi gemaak of gegrimeer? (1)

2.3 Die woord **klou** in hierdie gedig beteken ______.

A. styf vashou
B. afgewater
C. glim
D. opgetooi (1)

2.4 Gee EEN WOORD wat beskryf dat die ouer kelnerin onvriendelik is. (1)

2.5 Op die ouer kelnerin se gesig lees 'n mens dat sy ______ is.

A. opgetooi en jonk
B. anders en alleen
C. leeg en hard
D. power en lomp (1)

2.6 Wat besef die spreker as sy hierdie arme vrou wil vertroos? Haal 'n VERSREËL aan as bewys van jou antwoord. (1)

2.7 Wat maak dit vir die ouer kelnerin moeilik om die glas tamatiesap te dra? (1)

2.8 Pas die aanhaling in **KOLOM A** by die woorde in **KOLOM B**. Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.8.1 afgesloof | A. verrinneweer deur werk |
| 2.8.2 verrimpelde | B. met die hande wys |
| 2.8.3 beduie | C. vol plooie |

(3)
**[10]**

**EN**

## VRAAG 3
## EKSAMEN EN SPROKIE VIR 'N STADSKIND

**EKSAMEN – A. de Vos en SPROKIE VIR 'N STADSKIND – K. du Plessis**

**eksamen**

dit is kakofonie
wanneer jy bang verwilderd
kantel
deur die nag
tussen die bladsye
van hoofstuk vyf
se Klimatologie;
die lêboor van die wyfiesprinkaan
klop
haar eiers stelselmatig stoot
tot in die veilige vesting
van jou dop –
jy sien die dood
as Franse Revolusies bloedloos stol
sodat die lewensiklus
van die mielieboorwurm
in die hamerslae van jou kop
voltooiing vind

tot jy verkorrel
in die suiker van soet slaap

**Annesu de Vos**

**SPROKIE VIR 'N STADSKIND**

As die reën van stof en roet verby is
en die rook verdwyn,
sal daar in die sterrelose hemel
'n neonboog verskyn.

En kyk maar goed, want as jy hom vind,
vertel ek vir jou 'n sprokie, my kind,
van 'n skatkis, met ou kettings gebind,
aan die neonboog se punt.

Volg hom elke nag oor swart riviere,
oor kranse van beton;
as jy aanhou stap, tienduisend ure,
sal jy dalk daar kom.

Maar hier moet jy jou nimmer laat bind,
want, so lui die ou-ou sprokie, my kind:
As jy geluk en vreugde wil vind,
soek die neonboog se punt.

Volg hom elke nag oor swart riviere;-
kyk nie één maal om.
Dalk vind jy die land van blou saffiere ...
en dalk 'n brokkie son.

**Koos du Plessis**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**eksamen – Annesu de Vos**

3.1 Skryf die versreël in die gedig neer wat by die skoolvakke hieronder pas.

3.1.1 Aardrykskunde (1)

3.1.2 Biologie (1)

3.1.3 Geskiedenis (1)

3.2 Gee TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE wat verwys na die leerder se onsekerheid en vrees vir die eksamen. (2)

3.3 Waarmee lê die wyfiesprinkaan haar eiers? (1)

3.4 Hoe word in die gedig na die brein verwys? (1)

3.5 Watter woord uit die gedig verwys na 'n geweldige hoofpyn? Kies die REGTE antwoord.

A. bloedloos
B. kantel
C. hamerslae
D. vesting (1)

3.6 Watter WOORD sê dat sy klaar met haar studies in Biologie is? (1)

3.7 Watter wonderlike iets gebeur met die spreekster in die laaste strofe? (1)
**[10]**

**EN**

**SPROKIE VIR 'N STADSKIND – Koos du Plessis**

3.8 Haal EEN woord aan wat sê dat die reën onnatuurlik is. (1)

3.9 Wie / Wat is die **hom** in reël 9? (1)

3.10 Haal OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat verwys na die

3.10.1 teerpaaie van die stad.

3.10.2 geboue van die stad. (2)

3.11 Watter TWEE woorde dui aan dat die kind lank gaan soek? (2)

3.12 Haal EEN woord aan wat sê dat die kind miskien nooit die neonboog se punt sal kry nie. (1)

3.13 Watter woord sê dat die sprokie baie bekend is? (1)

3.14 Hoekom sal jy nie dadelik die skatkis kan oopmaak nie? (1)

3.15 Waardeur moet die kind hom nooit laat bind nie? (1)
**[10]**

**EN**

## VRAAG 4
## DIE DANS VAN DIE REËN – E.N. Marais

**Die Dans van die Reën**

*Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn*

O die dans van ons Suster!
1 Eers oor die bergtop loer sy skelm,
en haar oge is skaam;
en sy lag saggies. En van ver af wink sy met die een hand;
haar armbande blink en haar krale skitter;
saggies roep sy.
Sy vertel die winde van die dans
en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.

2 Die grootwild jaag uit die vlakte,
hulle dam op die bulttop,
wyd rek hulle die neusgate,
en hulle sluk die wind;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.

3 Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
en hulle kruip nader en sing saggies:
"Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"

4 En haar krale skud.
en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
sy trap af van die hoogte;
sy sprei die vaal karos met altwee arms uit;
die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Suster!

**E.N. Marais**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

4.1 Wie loer skelm oor die bergtop? (1)

4.2 Watter WOORD uit strofe 1 sal vir ons aandui dat die Suster iemand wys om nader te kom? (1)

4.3 " .. en sy nooi uit"
Wie, dink jy, sal die gaste by die bruilof wees? Noem DRIE. (3)

4.4 Gee TWEE WOORDE wat na weerlig verwys in strofe 1. (2)

4.5 Haal die WOORD in strofe 2 aan wat bewys dat die diere haastig is om iewers te gaan. (1)

4.6 " … hoor die sleep van haar voete"
Verduidelik hoe die kleinvolk die suster kan hoor onder die grond. (1)

4.7 Hoekom herhaal die kleinvolk die woorde: "Ons Suster! Ons Suster!"? (1)

4.8 Wat dra 'n bruid gewoonlik op haar kop as sy gaan trou? Haal EEN WOORD aan uit die gedig. (1)

4.9 Haal die WOORD aan uit die gedig wat haar bruidskleed kan wees. (1)

4.10 Watter juwele dra die bruid in hierdie gedig? Noem DRIE. (3)

4.11 Watter natuurelemente verdwyn as dit harder begin reën? (2)

4.12 Haal die WOORD aan in die laaste strofe wat moontlik na die gryserige kleur van 'n tipiese reëndag verwys. (1)

4.13 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Die Suster is dominerend in die eerste strofe. (2)

**VRAAG 4.1 – 4.3: 20÷2=[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

## AFDELING C
### KORTVERHALE: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

- Beantwoord AL die vrae.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5
### ALGEMENE VRAAG

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

5.1 Kyk na die opskrif / stelling en beantwoord die vrae.

**RUGBY – 'N GROOT GEMORS!**

5.1.1 Watter een van die verhale wat jy bestudeer het, handel oor rugby? (1)

5.1.2 Die rugby was ook 'n groot gemors in hierdie verhaal. Wie het veroorsaak dat die rugby 'n gemors was? (1)

5.1.3 Watter twee spanne het teen mekaar rugby gespeel? (2)

5.1.4 Hoe het die hoofkarakter se voorkoms **voor** die wedstryd gelyk? (1)

5.1.5 Hoe het die hoofkarakter se voorkoms **na** die wedstryd gelyk? (1)

5.1.6 Wat was die hoofkarakter se swak puntjie? (1)

5.1.7 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Die hoofkarakter in hierdie verhaal het op sy vrou se plotjie gewoon. (2)

5.1.8 Watter span het die wedstryd gewen? (1)

**VRAAG 5.1.1 – 5.1.8 = 10÷2=[5]**

5.2 Kyk na die opskrif / stelling en beantwoord die vrae.

**BERGKLIM IS GOEIE OEFENING**

5.2.1 Watter een van die verhale wat jy bestudeer het, handel oor die bogenoemde opskrif? (1)

5.2.2 Voltooi:

Dit was op A. ______ se voorstel dat die driestuks besluit het om die kort B. ______ op die bergklimtoer deur die C. ______ te gaan. (3)

5.2.3 Christien se ouers wou eers nie gehad het dat sy gaan bergklim nie, maar later het hulle wel ingestem. Watter voorwaarde het haar ouers gestel? (1)

5.2.4 Kies die KORREKTE antwoord. Gee slegs die NOMMER en die LETTER.

Op die tweede aand van die toer, toe hulle die ______ bereik, het Tonie besef hy is verlief op die meisie.

A. Buffelhoekspits
B. Domekloof
C. Sentinelkamp
D. Waaihoekpiek (1)

5.2.5 Waar gaan Christien na matriek studeer? (1)

5.2.6 Waarheen gaan sy moontlik na haar studies? (1)

5.2.7 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Christien se gevoel vir Tonie was dié van liefde. (2)

5.2.8 Watter klein dingetjies het Tonie onthou wat vir hom bewys het dat Christien iets vir Jaco voel? Noem DRIE. (3)

5.2.9 Wat het Jaco met Christien gedoen wat vir Tonie bewys het dat Christien baie vir Jaco omgee? (1)

5.2.10 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.


Tonie het aan die einde van die verhaal soos 'n verloorder gevoel. (2)
**[16]**

5.3 Kyk na die opskrif / stelling en beantwoord die vrae.

| **ALMAL MOET DIE EEN OF ANDER TYD STERF** |
|---|

5.3.1 Watter een van die verhale wat jy bestudeer het, het met hierdie opskrif te doen? (1)

5.4 Kyk na die volgende prent en beantwoord die vrae.




5.4.1 Watter verhaal praat van 'n papegaai? (1)

5.4.2 Hoekom word die papegaai juis in dié verhaal genoem? Noem TWEE feite. (2)

**[4]**

5.5 Kyk na die volgende prent en beantwoord die vrae.



5.5.1 Noem 'n verhaal wat jy bestudeer het, wat by hierdie prentjie pas. (1)

5.6 Teken die tabel hieronder in jou antwoordboek oor en beantwoord die vrae.

| VRAE | VERLEDE JAAR | HIERDIE JAAR |
|---|---|---|
| 5.6.1 Wie het die naelloop gewen? | | |
| 5.6.2 Wie het die hoogspring gewen? | | |
| 5.6.3 Waar het die byeenkoms plaasgevind? | | |
| 5.6.4 Hoe oud was die twee atlete? | | |

(6)

5.6.5 Watter dorp se skool het verlede jaar gewen? (1)

5.6.6 Die dorp se skool wat verlede jaar gewen het, het net-net gewen. Hoe het dit gebeur? (1)

5.6.7 Watter positiewe wending het die verhaal tussen die twee hoofkarakters gehad? (1)

**VRAAG 5.5 – 5.6.3 = 10÷2=[5]**

5.7 Pas die karakter in **KOLOM A** by die beskrywing in **KOLOM B**. Skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.7.1 losskakel | A. Hy sien altyd die positiewe kant van die lewe |
| 5.7.2 kraai | B. Ná daardie insident was hy nooit weer dronk nie |
| 5.7.3 Jakob | C. Twee mans in hulle vroeë sewentigs |
| 5.7.4 Gouws | D. Vis se afrigter |
| 5.7.5 Storm op die berg | E. Donkerkopkêreltjie met bakbene |
| 5.7.6 Jan | F. Salmon se afrigter |
| 5.7.7 Die ooreenkoms | G. Die meeste stories in hierdie geweste is wáár |
| 5.7.8 Rooikoos Willemse | H. Die broer se troeteldier |
| 5.7.9 Dollevaart | I. Kelner |
| 5.7.10 Rooikoos Willemse is soek | J. Die mees ervare klimmer gly en word beseer |
| | K. Skoonmaker |
| | L. Wewenaar |

**VRAAG 5.7.1 – 5.7.10 = 10÷2=[5]**

**EN**

## VRAAG 6
## DIE OOREENKOMS (Dalene Matthee), MY BROER SE KRAAI (Chris Barnard) en 'N MAN KOM TUIS (Chris Barnard)

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

6.1 Voltooi:

In **DIE OOREENKOMS** het Jakob en Willem mekaar in die 6.1.1 ______ ontmoet. Hulle was eintlik soos twee 6.1.2 ______. Hulle het baie dinge saam gedoen en een was om met Jakob se 6.1.3 ______ te ry, terwyl Willem brandstof ingegooi het. (3)

6.2 Hoekom was daar krapmerke op my broer se arms en hande in **MY BROER SE KRAAI**? (1)

6.3 Wie se opinie was belangrik vir die broer? (1)

6.4 Watter dag van die week het die kraai vir altyd teruggekom? (1)

6.5 Voltooi:

In **'N MAN KOM TUIS** het 'n onbekende vir mnr. 6.5.1 ______ 'n geleentheid huis toe gegee. Sy familie woon op 6.5.2 ______. Hy werk op die oomblik aan die pad 6.5.3 ______ toe. Hy sien sy familie een keer 'n 6.5.4 ______ vir 'n naweek. (4)

**VRAAG 6.1 – 6.5.4 = 10÷2=[5]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING D
## ROMAN: *GOOI HOM IN DIE SLOOT* – Roelf van Rensburg

## VRAAG 7

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Begin ELKE STEL VRAE op 'n NUWE bladsy.

## OUERS SE GESPREK

| |
|---|
| Die feit dat Philip Uys die vyf leerlinge en hul ouers versoek het om na skool na sy kantoor toe te kom, was om dit minder opsigtelik te maak, besef Wessel. En hy waardeer dit. Ook die feit dat Casper Hefer en sy pa ook gevra is om skool toe te kom. |

**VRAE:**

- Gee SLEGS die ANTWOORDE.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

7.1 Beantwoord die volgende VRAE oor die ouers se besoek aan die skool.

7.1.1 Wat vra Tom Hefer dadelik vir mnr. Uys toe hy in die kantoor instap? (1)

7.1.2 Watter kompliment gee mnr. Uys vir Casper? (2)

7.1.3 Hoe blameer Tom homself oor Casper? (1)

7.1.4 Wat doen Tom toe hy en Casper uit die kantoor stap? (2)

7.1.5 Wie het vir Nora Mostert laat roep in verband met haar dogter Madeline? (1)

7.1.6 Wie het valse stories aan Nora Mostert vertel? (1)

7.1.7 Hoekom het dr. Welthagen vir Nora gelieg? (2)

7.1.8 Het hulle besluit om vir Madeline te skors? Motiveer. (2)

7.1.9 Waarom het Madeline vir haar ma gelieg? (2)

7.1.10 Wat is in die wit pakkie in mnr. Uys se hand? (1)

7.1.11 Waar kom die pakkie vandaan? (1)

7.1.12 Wat gaan mnr. Uys met die pakkie doen? (2)

7.1.13 Philip Uys sê dat Wessel dalk 'n beter hoof sal wees as hy. Hoekom sê hy dit? (2)

7.1.14 Wie was by toe mnr. Uys die daggasaak met die ouers bespreek het? (1)

7.1.15 Hoe reageer dr. Welthagen oor die saak rondom Braam? (2)

7.1.16 Mnr. Uys sê aan dr. Welthagen dat hy 'n mediese probleem het. Wat was mnr. Uys se probleem? (1)

7.1.17 Wie word gesien as die held in die hele dagga-episode? (1)

7.1.18 Hoekom word Braam nie geskors nie? (2)

7.1.19 Waarom besluit dr. Welthagen om vir Braam uit Kroondal te haal? (2)

7.1.20 Hoekom sê Philip vir Wessel dit sal nie vir Wessel moontlik wees om net 'n goeie onderwyser te bly nie? (2)

7.1.21 Voltooi:

Philip wou die kinders in die (a) ______ gooi, maar Wessel wou die kinders (b) ______. (2)

7.1.22 Vir wie noem dr. Welthagen 'n klikbek en hoekom? (2)
**[35]**

7.2 Pas die plekke in **KOLOM A** by die plekname in **KOLOM B**. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.2.1 Hoërskool | A. Swartgrond |
| 7.2.2 Kafee | B. Doringspruit |
| 7.2.3 Inspekteurspos | C. Pretoria |
| 7.2.4 Mediese kongres | D. Kroondal |
| 7.2.5 Onderwysdepartement se hoofkantoor | E. Durban |

**[5]**

**VANAF VRAAG 7.1 – 7.2 = 40÷2=[20]**

**CASPER EN BERTRAND SE TWEEDE BOTSING**

> Bertrand Swart! Casper kom aan die einde van die lang stoep tot stilstand en sy oë swaai soekend oor die seuns se speelgebied. Bertrand sal iewers aan diens wees. By die fietsloods of een van die hekke ... .

7.3 Lees die aanhaling hierbo en beantwoord die vrae.

7.3.1 Wat het Bertrand vir die ander leerlinge van Casper vertel na die beursie-episode? (2)

7.3.2 Wie van Casper of Bertrand slaan die eerste hou? (1)

7.3.3 Wie stop uiteindelik die geveg? (1)

7.3.4 Waarheen neem die persoon vir Bertrand en Casper? (1)

7.3.5 Watter leuen vertel Bertrand oor die bakleiery? (1)

7.3.6 Is dit die eerste keer wat Bertrand 'n leuen vir mnr. Uys vertel? Motiveer jou antwoord. (2)

7.3.7 Watter verduideliking gee Casper aan mnr. Uys oor die bakleiery? (2)

7.3.8 Hoe word Casper gestraf?

A. Sy pa word na die skool toe ontbied.
B. Mnr. Uys het hom met 'n rottang geslaan.
C. Hy word vir vyf dae uit die skool geskors.
D. Hy mag geen sport meer vir die skool speel nie. (1)

7.3.9 Watter TWEE oortredings het Braam begaan om in die hoof se kantoor te beland? (2)

7.3.10 Wat is Braam se pa se beroep? (1)

7.3.11 Braam en Casper maak van verskillende vervoermiddels gebruik. Waarmee ry Braam en waarmee ry Casper?

Braam ry met 'n (a) ________________.
Casper ry met 'n (b) ________________. (2)

7.3.12 Aan watter sportsoort neem Braam Welthagen deel? (1)

7.3.13 Aan watter sportsoort neem Casper Hefer deel? (1)
**[18]**

7.4 Philip weet dat Bertha 'n ______. Watter antwoord is KORREK?

A. plattelandse nooi is
B. stadsmens is
C. mens is wat nie omgee om swaar te kry nie
D. mens is wat arm grootgeword het (1)

7.5 "My oudste seun kom aanstaande jaar hierheen." Wie is hier aan die woord? (1)
**[2]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**